

Sing vooraf: Psalm 71:10, 14 (p. 355)

- | | | | |
|----|--|----|--|
| 10 | Nou kom ek aan met forse skrede,
my lof is sonder maat,
vir u verlossingsdaad.
Ek meld van jeugtyd en verlede –
hoe U my, onervare,
gelei het al my jare. | 14 | Ek sing 'n lofsang by my snare,
'n lied van troos en trou
waarin 'k u lof ontvou,
o Heilige by Isr'els skare!
Ek roep, tot vreug herbore:
"Verlos, en nie verlore!" |
|----|--|----|--|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 34:8 (p. 169)

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet bid ons vir 'n nuwe lewe vol versoening met Psalm 66:6

Wet

Psalm 66:6 (p. 321)

- 6 Ek sal, verlos uit doodsgeware, / nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 121:1 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure om,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.

Skriflesing: Deuteronomium 5 en Hebreërs 3

Teks: Deuteronomium 5:6

Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
(Deuteronomium 5:6 AFR1953)

Geen mens kan saam met iemand leef van wie hy niks weet nie.

- Dit is ook nie moontlik om goeie verhoudinge te bewaar met 'n onbekende nie, veral nie as jy in 'n ondergeskikte posisie teenoor daardie persoon staan nie.
- Soveel te meer nog wanneer daardie persoon aan jou opdragte gee wat jy moet uitvoer.

Daarom is hierdie bekendstelling van God aan die begin van die Tien Gebooie so belangrik.

- As ons nie presies weet Wie dit is wat ons gebied hoe om Hom te dien nie, gaan dit vir ons geloofslewe ernstige gevolge hê.
- Daar is baie redes daarvoor.
 - Die eerste rede is sekerlik dat ons die Here kan onderskat, minag, of selfs verag, as ons Hom nie reg en behoorlik ken nie.
 - Die tweede is dat ons nie ons plek as verlostes in hierdie wêreld reg sal kan begryp nie.

Dit beteken dat ons ook nie werklik die wonder van ons verlossing en vryspraak van die hel en die dood sal kan begryp nie.

- Ons sal dus min begryp van die sondedood wat deur die sonde oor ons kom, en van die verlossing uit hierdie toestand deur die Here Jesus Christus.
- Kortom: 'n gebrekkige insig is net so kragteloos soos 'n valse insig.

Kom ons kyk eers baie oorsigtelik na die agtergrond van hierdie gedeelte in die Bybel. Die dinge waarvan ons gelees het, gebeur *omtrent 13 eeue voor Christus*.

- Israel word bevry uit die slawerny waaraan hulle in Egipte onderwerp was.
- Meteens het hulle 'n eie volk geword, met 'n eie bestaansreg in die ry van volkere in hulle tyd.
- Hulle trek weg van Egipte af onder die aanvoering van hulle leier Moses, en hulle gaan na die land wat God aan hulle beloof het – Kanaän.

Daar is 600 000 volwasse mans.

- As ons bietjie met statistieke speel, kan ons reken dat as die vrouens en kinders ingesluit word, die hele volk so tussen 2 en 3 miljoen moes getel het.
- Maar dan moet ons net onthou dat almal wat daar uit Egipte weg is, nie Jode was nie.
 - Onder hulle was daar ook Egiptenare en gemengde bloed.
 - Daar was natuurlik ook Josef se nageslag, wat half-Egipties en half-Joods was!

Nadat hulle drie maande uit Egipte weg is, kom hulle by die berg Sinaï aan. Hier gee die Here toe vir hulle die Tien Gebooie.

Onthou dat die Israeliete darem nie niks van die Here se wet af geweet het nie. Hulle was gelowiges, al was hulle Ou-Testamentiese gelowiges.

- Hulle het inderdaad die Tien Gebooie reeds voor die tyd ook geken, want hulle het tog al geweet dat dinge soos moord, egbreuk en steel verbode was.
- Hulle het die Sabbatswet ook al geken.
- Hulle het die ritme van God se reg al lankal voor die tyd verstaan.

Maar hier gebeur iets meer as net wetgewing.

- Die volk het op pad 'n hele paar wonders gesien wat hulle verbyster het, soos byvoorbeeld die waters van die Rooisee wat so verdeel het dat hierdie 2 tot 3 miljoen mense daar kon deurtrek voordat die Egiptenare hulle ingehaal het.
- Nou stel God die verhouding tussen die magtige wonders en sy wet duidelik aan al die Jode voor. Kyk net na al die verskillende elemente wat in hierdie bekendstelling na vore kom:
 - Ek is die **HERE** wat jou uit Egipte uitgelei het.
 - Egipte is 'n plek van slawerny (hier word dus veronderstel dat die **HERE** hulle na 'n plek toe vat waar daar geen slawerny is nie – met ander woorde daar is vrede)
 - Ek is jou God!

Die Jode het begryp dat die Here Hom in die gang van hulle geskiedenis in sy almag aan hulle geopenbaar het.

- Hulle het ook begryp dat Hy nou in hierdie formele bekendstelling met hierdie almag van Hom van hulle gehoorsaamheid vir sy geboorte geëis het.
- Hulle het verder ook hierin begryp dat die Here besig is met 'n verlossingsplan waarin daar 'n uiters persoonlike verbintenis tussen hulle en God is.
 - Dis hulle verlossing wat aan die gang is.
 - Hulle het nie nodig om te twyfel aan die uiteinde van die saak nie – God, die Almagtige en Onkeerbare, bewerk dit vir hulle.

Dit is die tipiese eeu-oue situasie waarin God Hom openbaar as die **Genadige** wat Hom altyd oor die mens in sy ellendes ontferm.

- In die paradys het God na die verlore mens toe gekom en vir hom klere gemaak, en die belofte gegee dat die Vernietiger van die duiwel uit hulle gebore sou word.
- Hy het Abraham gaan roep toe Tera en sy tydgenote al begin het om in hulle godsdiens te verval – en weer was daar die belofte van herstel en seën.
- Hy het in die droom aan Jakob verskyn aan die bopunt van die leer, en weer seën beloof.
- Hy het aan Jakob verskyn in die worsteling by die Jabbokrivier en in die geveg genade aan Jakob bewys, omdat daardie stryd vir Jakob die waterskeiding was tussen eiegeregtigheid en vertroue op God.

Net so sê Hy nou vir die Israeliete: Ek is God die Almagtige wat jou uit Egipte verlos.

- Ons sal 'n baie groot fout maak as ons dink die Here praat hier net met die Israeliete.
- Ons kan dalk net dink dat ons nooit in Egipte was nie en dat die gedeelte daarom ook niks met ons te doen het nie. Maar 1 Korinthiërs 10:6 en 11 leer dat ons juis in hierdie situasie betrokke is omdat God dit daar baie duidelik maak dat Hy besig is om met ons almal verlossend te werk.

Ons as Nuwe-Testamentiese kerk het nog altyd dieselfde opdrag as ou Israel:

- Ons moet God dien van harte, met ons hele verstand en al ons kragte.
- Dis ook waarom ons hierdie gedeelte altyd Sondae saam met die wet lees.
 - God verbind ons nog almal aan sy almagtigheid
 - Daarom eis Hy nog steeds van ons die nodige respek en gehoorsaamheid.

Die rede is dat ons net so onvervreembaar verlostes is soos wat die Israeliete dit was.

- Aan ons is dit net duideliker geopenbaar as aan hulle; ons het die volle openbaring van God se verlossingswerk,
- want die Here Jesus Christus is intussen gebore, het gesterf en opgestaan, en hierdie verlossingsoorwinning bewerk.

Daarom het ons ook nog steeds die verkondigingsopdrag om te vertel wie God is, en hoe Hy ons van die dood en sonde verlos het. Ons moet die almag van God uitdra.

Mens kan natuurlik die fout maak om geloofsverkeerd te raak, selfs wanneer jy baie naby aan God is, en dan het jy baie teëspoed. Die geskiedenis vertel juis van so 'n situasie in die tyd toe die Here hierdie woorde gesê het, en die wet vir hulle gegee het.

Kyk net na die volgende kontras wat in daardie stukkie geskiedenis duidelik is:

- Die wolk was nog op die berg en Moses was nog daar op die berg by die Here en in die teenwoordigheid van God se heiligheid, toe het die dinge onder by die voet van die berg nie meer die kleur gedra dat die mense bewus was van God se nabyheid en heiligheid nie.

- Toe dans hulle al om die goue kalf!
 - Die heerlikheid van God wat op daardie spesifieke oomblik besig was om sy wet te gee en sy verbintenis tussen sy almagswerke en hulle gehoorsaamheid te verduidelik, was totaal vergete.
 - Laat ons eerlik wees: die heerlikheid van God was fisies baie naby aan hulle.

U sien dus dat wanneer ons kleingelowig, of valsgelowig raak, ons optrede dikwels nie net verkeerd kan wees nie, maar selfs uiters gevaarlik!

Geliefdes, verstaan ons ons roeping, en verstaan ons Wie ons die krag gee om deur die hele lewe met al sy stryd te kan gaan?

- Ons weet almal dat ware geloof ons vermoei, en ons geweldig uitput, omdat dit teen die grein van die wêreld ingaan.
- Ons ervaar almal die verwarring en in baie gevalle chaos wat rondom ons bestaan in letterlik alles – politiek, sosiale standaarde, geloofsbeskouinge en baie meer dinge.
- Ons weet ook van die traagheid en onwilligheid van mense om verkeerde dinge prys te gee en tot die geloof te kom.

Solank ons net oop genoeg bly om die hand van God oor ons te voel en sy gesig naby ons te sien!

- Ons moet beseft dat ons weet waarheen God met ons gaan, al kan ons nie alles verstaan nie.
- Juis daarom moet ons ook nie eis om alles te wil verstaan nie.
 - Ons besit nie God se almag om alles te kan verstaan nie.
 - Ons moet ook soos die Israeliete bloot aanhou, want Kanaän lê voor.

In hierdie geloofsbeweging moet ons teen wil en dank die vreugde van die sonde wat agter is, vergeet.

- God eis dit, want *daardie vreugde* kan nie die tyd oorleef nie – dis vasgemaak aan alles wat verbygaan.
- Net die vreugde wat die Here gee, deurlewe die tyd en die ewigheid.

In die Here Jesus Christus se versoening het God ons juis die versekering gegee dat ons kan en moet voortgaan om ons los te breek van die bewustheid van mislukking.

- Ons oorwinning is in die Here Jesus se oorwinning – dus deur God self – gewaarborg.
- Soos wat Israel op reis was met die slawerny agter hulle en met hulle gesigte na die vryheid toe wat voor hulle gelê het, so gaan ons uit die sonde oor in die lewe.
- Die wyse verskil, maar die ooreenkomste is treffend:
 - Dieselfde ewige, almagtige en onstuitbare God bewerk dit vir ons – soos vir hulle.
 - Ons word soos hulle doodgewoon saamgeneem in hierdie allerbeheersende God se krag.

Ons ken net meer as hulle van die proses.

- Ons ken die Almagtige God se openbaring in sy verlossingsdaad, soos Hy dit self verrig het in die Persoon van die Here Jesus Christus.
- Ons weet verder ook dat God se verlossingswerk in die Here Jesus so kragtig was dat dit soos die lig van weerlig weerskante toe geflits het in die geskiedenis – en dat die Israeliete juis gered kon word in die terugflits van Jesus se almagswerk.

Ons is verlostes. Ons is persoonlik betrek by Jesus Christus se dood en oorwinning. Die sakramente (Dooop en Nagmaal) preek dit ook. Solank ons ook net onthou dat die oordeel die hele pad saam loop:

- Dié wat nie wou onthou nie, het in die woestyn omgekom. God het hulle laat rondtrek totdat die murmureerders almal omgekom het.
- Maar vir dié wat geglo het, was God die Almagtige wat hulle uit Egipteland uitgelei het in die verlossing – in Kanaän – in.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 18-3:6, 7 (29:6, 7)

6 Aanswellend soos 'n onweerskoor,
het ek die sangerstem gehoor
van die verlose skare –
geweldig soos 'n donderslag,
swaar soos die dreuning in die nag
van opgesweepte bare.

7 Hul sing die “Halleluja” weer.
“Want,” sê hul, “onse God en Heer
is aan sy Woord gedagtig:
die groot verlossingsdag is daar,
Hy het die koningskap aanvaar
en heers as God almagtig.”

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 5 Augustus 2007 (oggend)